Beantwoord die volgende vrae oor die voorblad.




1. Watter ruimte word uitgebeeld? Motiveer jou antwoord. (3)

2. Hoe weet jy dat 'n hond belangrik in die verhaal gaan wees? (2)

4. Hou sou jy die hond op die voorblad beskryf? Is dit byvoorbeeld 'n rasegte hond? (1)

6. Hoeveel hoofkarakters verwag jy gaan daar wees? (1)

7. Hoekom, dink jy, sien ’n mens net die silhoeëtte van die karakters? (2)

8. Wat is die mense besig om te doen? (1)

9. Wat sien jy bo in die lug? Beskryf volledig. (2)

10. Watter elemente, van dit wat bo die lug uitgebeeld is, stem ooreen? (2)

11. Hoekom, dink jy, is die voorblad oorwegend blou en dynserig asof daar baie wolke is? (2)

12. Hierdie verhaal gaan realiteit en fantasie kombineer. Is hier reeds tekens hiervan op die voorblad? Motiveer. (2)

13. Lees op oor die prys wat regs op die voorblad is. Watter jaar het hierdie boek gewen? (1)

14. Waarom, dink jy, is dit belangrik dat ’n pryswenner op die voorblad aangedui word? (3)

15. Dit is algemene gebruik vir uitgewers om pryswenners op die voorblad aan te dui. Beïnvloed dit enigsins jou gevoel oor die boek? (1)

# Antwoorde

## Voorblad

1. Khayelitsha. (1)
2. Beskryf hierdie ruimte. (4)
3. Hond kom in die titel voor / volgens die teks het alles begin by ’n hond. Die hond word op die voorgrond afgebeeld en is dus sentraal in die verhaal. (2)
4. Dit word gesê dat die hele verhaal begin by ’n hond. (1)
5. Dit is ’n basterbrak – die soort hond wat in die townships aangetref word. Hy het nie ’n halsband om nie – ook tipies. (2)
6. Vier. (1)
7. [Eie menings.] Ons ken hulle nog nie. Dit sluit aan by die dromerige idee wat met die blou, wolkerige agtergrond geskep word. (2)
8. Hulle is besig om na die voëlvoorwerp in die lug te kyk. (1)
8. Aanvanklik lyk dit soos ’n voël, maar as mens van naderby kyk, sien jy dis ’n hommeltuig en dat daar iets boaan die hommeltuig vasgemaak is, wat soos ’n vlieër lyk – ’n vlieër in die vorm van ’n voël. (2)
9. [Eie menings.] Dit lyk soos ’n droombeeld en sluit aan by die inhoud van die boek wat die tieners se drome weergee en die magiesrealistiesegegewens in die verhaal. (2)
10. Ja. Die realistiese word verteenwoordig deur die hond en hommeltuig in bruin en die karakters, huisies en lug in blou. (2)

**[20]**